MANIE GROENEWALD - PROFIEL

Manie Groenewald is `n gebore Pretorianer en `n Bloubul in murg en been. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Gerrit Maritz waarna hy sy studies begin aan die Potchefstroomse Universiteit. As sportstudent ervaar hy in sy 1e jaar die roeping van die Here vir die bediening en neem sy teologiese vakke addisioneel by sy kursus in Menslike Bewegingswetenskap. Hy verwerf die B.A.-graad (Teol. & MBW) waarna hy sy studies aan Tukkies voortsit waar hy die grade B.A. (Hons.) (Teol.) en M.Div. (Teol.) verwerf. Hy het ook sy M.A.-graad in Ou Testamentiese Wetenskap hier verwerf.

Manie was Jeug- en Pastorale werker in die NG Gemeente Montana in Pretoria en daarna Jeug- en Sendingpredikant in die NG Gemeente Muldersdrif waar hy vir Ronél, `n Wiskunde-onderwyseres, ontmoet en in 2005 mee trou. Hulle het `n dogtertjie, Marlené, en hul "Bulletjie" word DV vroeg in Januarie 2011 gebore.

Manie & Ronél is passievol oor die Here. Hulle is baie lief vir jongmense en het `n passie en gawe vir musiek. Hul debuut-CD, *Vertel dit*…, is die einde Oktober 2010 vrygestel by Raslouw NG Gemeente, waar Manie sedert 2008 predikant is.

Manie is sedert 2002 as hulpaanbieder by Lewensverryking se Tienerseminare betrokke en vanaf 2009 neem hy die leiding. Hy het `n passie om met tieners te werk en vind goeie aanklank by hulle met sy warm persoonlikheid en vernuwende, energieke styl.

Manie ontspan graag deur te fliek saam met sy vrou, te draf/swem, skaak te speel, musiek te luister en te lees.